Die abstrakte geweld van geld

Chris Jones *is betrokke by die Kantoor vir Moraliteit – Communitas/ BUVTON en die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie.*

Waar is *God* in al die geweld en misdaad?

Hoekom soveel brutale geweld, *sáám met misdaad*, in ons land? Waarom word mense vir ’n selfoon of ’n paar Rand vermoor? Ons elkeen probeer ons vinger op die grondoorsake hiervan lê, maar natuurlik laat geweld hom nie sommer vaspen nie.

Johan Rossouw en Bert Olivier, albei filosowe, het my ’n klompie jare gelede met verhelderende perspektiewe gehelp hóé om meervoudig oor hierdie komplekse verskynsel te dink.

Rossouw verwys na drie samelewingsfere: die *godsdienstige*, die *politiese* en die *ekonomiese.* Elke sfeer speel deurgaans in elke samelewing ’n strukturerende rol. By tye gebeur dit dat een van hierdie sfere ’n groter impak as die ander het.

So het godsdiens in die voormoderne Middeleeue ’n dominante rol gespeel, en politiek in die moderne era. In ons postmoderne samelewing swaai die ekonomie of die markplek die septer. Omdat baie mense effektief van laasgenoemde uitgesluit is, stimuleer dit geweld.

Olivier gaan ’n stappie verder deur psigoanalities met die gewelddadigheid van misdaad om te gaan. Hy gebruik die psigoanalis, Lacan, se voorstelling wat sê dat mense hulle op drie verskillende bestaansvlakke uitleef.

Vereenvoudig en aangepas kom dit daarop neer dat elke mens ’n *verbeeldings-* (*imaginêre)* kant het. Dit dui op die ego, die “ek”, hoe jy jouself sien.

Tweedens is daar die *simboliese* bestaanskant. Jy leef dit deur jou taal en kuns uit.

Derdens kry jy die *reële* kant van menswees. Dit is daardie begeertes, genot of onuitspreeklike “ding” wat in beginsel nooit werklik ten volle bevredig of in woorde uitgedruk kan word nie, maar altyd by die mens aanwesig is.

Nou kan ’n mens hierdie drie bestaansvlakke van menswees op die drie lewensfere van toepassing maak. Daar word met ander woorde ’n verbeeldings-, simboliese en reële kant by elkeen van die godsdienstige, politiese en ekonomiese sfere aangetref.

Kom ons neem die ekonomie. Hier vind jy die verbeeldingskant byvoorbeeld in die prentjie van ’n suksesvolle sakeman. Die simboliese is die ekonomiese beleid, grondwet of taal wat hierdie sakeman se sukses verseker. Die reële kant van die ekonomiese is die begeertes wat in elke mens uitroep om werklikheid te word, maar wat selde, indien ooit, realiseer soos ons dit “sien”. Hierdie smagting na die materiële is egter konstant by ons aanwesig en is dikwels oorheersend.

Hoe hou dit met geweld verband?

Om dít te verstaan, moet ’n mens vir ’n oomblik teruggaan na die politiese.

Apartheid was vir baie mense traumaties. Dit was onregverdig, mensonwaardig en het mense se vryheid ingeperk.

Mense het egter op ’n verbeeldingsvlak oor jare begin “sien” hoe ’n lewe sonder apartheid moontlik kon lyk. Prentjies van die nuwe Suid-Afrika is “geteken”. Daar is baie sosio-ekonomiese verwagtings hier rondom geskep. Dit het hierdie verbeeldingsbestaanskant van die mens gevoed. In beleidstaal, op simboliese vlak met ander woorde, is hierdie nuwe orde gekommunikeer. Mense het dit verstaan. Dit is waarvoor hulle baie lank geveg het – vir die “realisering” hiervan (die reële)!

Maar baie mense ervaar die nuwe Suid-Afrika in baie opsigte traumaties. Dit is vir hulle ’n frustrasie. Daar is innerlike ongelukkigheid, selfs woede. Baie mense is werkloos. En waar mense wel werk het, word talle van hulle onderbetaal. Hulle beleef gevolglik min ekonomiese vryheid en selfstandigheid. Hulle kry swaar. Hulle is oortuig daarvan dat die rykes *ryker* word, en die armes *armer*!

Om hierdie traumaties-ontnugterende oorgang van een orde na ’n ander te verstaan, sal dit goed wees om terug te gaan in die geskiedenis van Frankryk. Sonder om eenvoudige, reglynige afleidings hieruit te maak, sê hierdie stuk geskiedenis vir ons in ons situasie geweldig baie.

In 1835 was daar in Frankryk ’n oorgang van ’n onderdrukkende monargistiese bestel na ’n nuwe konstitusionele demokrasie. Maar wat gebeur het, is dat die een soort hiërargiese geweld plek gemaak het vir ’n ander.

Laasgenoemde vorm van geweld word genoem “die abstrakte geweld van geld” (Olivier). Die nuut-bevryde werkersklas is verhoed om die ekonomiese vryheid wat gewaarborg is te verwerf. Die mees gruwelike dade is in hierdie tyd gepleeg, soos ma’s wat hulle kinders doodgemaak en hulle bloed gedrink het. Die filosoof, Michel Foucault en sy navorsingspan, sê geweld is van een orde na ’n ander geskuif. In die een orde het elkeen ’n “plek” gehad, al was dit binne ’n onregverdige bestel, maar in die nuwe orde kon hulle nie ’n “plek” vind nie. Hulle sou dit nog moes verower. Sulke psigiese onsekerheid lei tot geweld!

Iets van dié “abstrakte geweld van geld” is ook waar van ons. Mense het op die verbeeldingsvlak van ’n nuwe Suid-Afrika begin droom hoe húlle daaruit sou sien.

Maar vir baie het dit doodgewoon nog nie gerealiseer nie. Dit het eintlik net met ’n relatief klein hoeveelheid mense

gebeur – die Swart Ekonomiese Bemagtigdes. Ongelukkig is ware rykdom vir net ’n klein klompie Suid-Afrikaners beskore. Iemand sê: Die teenoorgestelde van armoede is in elk geval nie rykdom nie, maar *selfstandigheid*!

Onder sulke omstandighede – waar drome van baie mense nie realiseer nie – vind daar gewoonlik ’n ernstige kortsluiting tussen die verbeeldingskant en die reële plaas. Hoe meer daar op ’n klein “ekonomies-produktiewe of liberale orde” gekonsentreer word ten koste van miljoene ander “gewone” mense, hoe groter is die kanse vir “gewelddadige ontploffings”.

Die geskiedenis leer dat wanneer mense niks aan hulle lot van armoede kan doen nie, hulle dit as ’n lewensfeit aanvaar. Daar is met ander woorde nie ’n dryfveer tot ’n beter lewe nie. Maar wanneer hoop op ’n beter lewe vir mense gegee word, soos in ’n grondwet of deur politici in die massamedia beloof word, maar baie mense relatief min daarvan ervaar, vermeerder die revolusionêre potensiaal, want hulle aspireer nou na of droom van beter lewensomstandighede.

In Suid-Afrika leef ongeveer 45 persent van sy mense in ondraaglike armoede. *“The American dream is, in part, responsible for a great deal of crime and violence, because people feel that the country not only owes them a living, but a **good** living”* (psigo-analis David Abrahansen).

Dieselfde Abrahansen sê: *“Frustration is the wetnurse of violence!”*

Die simboliese, die taal, oftewel die “morele wet”, is die een ding wat bogenoemde kortsluiting kan help uitwis. Dit kan ’n beter verhouding of balans tussen die verbeeldingskant en die reële help bemiddel. Hiersonder kan vreedsame, liefdevolle gemeenskap en saambestaan nie plaasvind nie. Want dit is hoe die individu leer om sy medemens as ’n “ander ego” te sien, as ’n spieëlbeeld van homself wat ook ’n beter lewe verdien – maar wat ook aan morele “wette” onderworpe is om die reële waarna ons elkeen só sug, te bestuur en in toom te hou.

Verdwyn hierdie taal, hierdie simbolies-morele bemiddeling, word die “ander ego” of ander mens bloot as ’n “ding”, of selfs as nie-mens, gesien. Dit verduidelik hoekom mense so onsensitief (dierlik?) met ander kan omgaan.

Solank die gaping tussen ryk en arm so groot bly soos dit op die oomblik in Suid-Afrika is, sal hierdie brutaliteit voortduur, want die ekonomie is ’n eksklusiewe een. Rossouw praat in hierdie opsig van ’n “versteurde begeerte” by rykes (met ander woorde ons kry nooit genoeg nie), en ’n “gefrustreerde begeerte” by armes (wat lei tot gevoelens van wanhoop en vernedering).

Ons sal móét eenvoudiger leef

Ons elkeen, veral die regering, sal sy beste moet doen om soveel as moontlik mense deur middel van morele en rasionele bemiddeling by die ekonomie te betrek. Hiervoor sal ons elkeen ook na ons eie lewe moet kyk.

Daar is soveel nie-kriminele mense wat in ’n spiraal van hebsug en magsug vasgevang is. Kyk maar net vakansietye na die “kru spandabelrigheid” van mense! En dit terwyl miljoene mense in plakkerskampe uitsiglose armoede in die gesig staar.

Die onlangse stakings is ’n uitwasse van bogenoemde ongelykheid. Die regering se ekonomiese ingesteldheid en beleid het oor die afgelope jare feitlik ál hulle “morele onderhandelingskapitaal” uitgekalwer. Hulle morele bankrotskap word onder meer blootgelê deur luukse-voertuie en -verblyf, die sinnelose vermorsing van belastinggeld, self-verryking, in sekere opsigte swak dienslewering. So sou ons die lys kon aanvul!

Vakbonde besef dit. Dit gaan hulle “moreel” al meer in “onaantasbare” posisies voor die regering plaas. Want op watter morele grond sal die regering kán staan wanneer hy sê daar is nie genoeg geld om aan geregverdigde eise te voldoen nie?

Die gevolg? Die regering, soos hulle op die oomblik aangaan, sal onder ál meer druk kom. Hoe minder hulle sal kan toegee aan hierdie eise, hoe méér sal stakings met frustrasie, geweld en onetiese optrede gepaardgaan.

Die ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika het inderdaad ’n kruitvat geword!

Hoe lank moet God nog skreeu en roep oor die televisie, in koerante en deur die optrede van mense voordat ons gaan hoor, verstaan en iets daaraan dóén?

Bronne:

Bert Olivier. 27 April 2007. *Die Vrye Afrikaan*
Johann Rossouw. 17 November 2006. *Die Vrye Afrikaan*

Spesiale aanbieding

Leesrooster – Spesiaal
Lees jou Bybel planmatig aan die hand van die kerkjaar.

Het jy nog altyd gedink die *Leesrooster* is té duur om vir al die lidmate in jou gemeente of lede van jou Bybelstudiegroep aan te koop?

Hier is jou kans! Koop die *Leesrooster* 2009/10 aan teen slegs **R10** ’n kopie (was R55)!



Vir die erediens – ’n handleiding
Die proefbundel met liturgiese formuliere *Vir die erediens – ’n handleiding* is nog by Bybel-Media nou teen slegs **R19.95** te kry.

Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: ***0860 26 33 42*** of ***0860 BMEDIA***
e-aankope: ***www.bybelmedia.co.za***
BM BYBEL-MEDIA